MILNER PIEK IN DIE SNEEU

Op Saterdag 14 Julie 2018 het ek, Ricardo Bassi, Ramon Odendal en Pierre du Plessis die Landmetersbaken bo-op Milner Piek bereik met ‘n roete teen die Noordelike sy van die berg. (die Ceres kant)

Ons het die weer vir ‘n maand voor die tyd dopgehou en geweet ons gaan uitdagende toestande kry. Dus het ons goed voorberei in terme van toerusting. 07h30 Saterdagoggend-in digte mis en op ‘n hoogte van 540m het ons op die plaas Eselfontein begin. Die vorige nag se reën het vars sneeu op die berg neergesit.....

Goeie vordering is gemaak tot op 1500m waar ons oor die sneeulyn is. Hiervandaan het ons aansienlik stadiger beweeg omdat dit moeilik was om rigting te hou as gevolg van die digte wolk wat oor die kruin gehang het. Die wind het ook opgetel tot ‘n gemiddeld van 8km/h, wat heel hanteerbaar was op daardie stadium. Soos ons hoër geklim het, het sig verswak en die wind sterker geword. Sneeu het begin rondwaai en ons het besluit om naby aan mekaar te bly sodat niemand afdwaal nie. Visie was by tye so swak dat ons moes stop en wag vir die weer om kort-kort oop te maak voor ons verder kon gaan. Sekere tye kon ons slegs 30 tot 40m ver sien.



Op 1800m het ons in volwaardige Alpine toestande geklim. Sneeu was tot 40cm diep, watervalletjies en stroompies was gevries en die wind het met rukke gewaai. Ons GPS toerusting (smartwatches, selfone, google earth/maps) het op 1980m begin wanfunksioneer. Ek reken van die koue, en dalk die hoogte. Ons het op hierdie stadium gelukkig ‘n goeie idee gehad van ons posisie en kon aanhou tot ons die baken teen 16h00 bereik het.

Hier het ons ‘n kort tydjie spandeer en kon by tye die pragtige uitsig oor die Hexvallei geniet soos die wolke nou en dan ooptrek. Die sement deel van die baken lê omgeval op sy klipstapel, en die vlerk lê langs dit op die grond. (ek reken Claus Riding sal dié inligting waardeer....(*ek doen*) . ‘n Klompie fotos en videos is geneem soos die fone ons toegelaat het. Dit was ongelooflik om in stormweer te staan

en die sonskyn onder in die vallei te sien. Op ‘n manier het dit die temperatuur van rondom -6°C meer draaglik gemaak. Die tonnel onder die baken was weereens iets besonders. Ons het ekstra versigtig die uitsig ingeneem,want niemand wil hiér gly nie.....

Kampplek vir die nag was so entjie van die piek af op ‘n plato. Teen hierdie tyd was almal dankbaar vir die beskutting wat die tente sou bied. Die res van die aand is maar binneshuis spandeer gerwyl die temperatuur verder gedaal het. Die wind het weer opgetel en my teen 02h30 selfs effens bekommerd gehad. Pierre du Plessis - ‘n verteenwoordiger van First Ascent - het hier ‘n baie belangrike rol gespeel. ‘n Reeks nuwe handskoene,twee tente en matrasse is vir ons gegee om te toets.

Almal se skoene,sokkies en twee van ons se broekspype was die volgende oggend gevries. Water in bottels en camel backs was vanselfsprekend ook in soliede vorm.

Ons het die selfde roete af ondertoe gebruik, en in ‘n goeie tyd van 5h 45 min weer die bakkie op die plaas bereik. Bergklim in die Wes-Kaapse winter is uitdagend, maar beslis die moeite werd. Maak egter seker jou groep is opgewasse, ervare en reg toegerus vir die spesifieke omstandighede.

Milner Piek was in Julie 2018 werklik iets besonders.

Christo de Wet
082 851 9407